

18 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-14

Fokusgedeelte: Johannes 1:14

Die Woord – ons redding

“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon” – met hierdie woorde in vers 14 word die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van die mensdom meegedeel. Hier word geopenbaar dat dieselfde Woord wat by God was en self ook God was (vs. 1) op ’n bepaalde tydstip in die geskiedenis die bestaanswyse van ’n mens aangeneem het. Hy (die Eniggeborene van die Vader – vs. 14) het iets geword wat Hy nie voorheen was nie, naamlik mens, terwyl Hy steeds gebly het wat Hy van ewigheid af was, naamlik God. Voorwaar Emmanuel – God met ons!

Hy het egter nie net mens geword nie, maar ook onder ons kom woon. Letterlik staan hier dat Hy sy tabernakel of tentwoning onder die mense kom opslaan het. Die gedagte van ’n tabernakel of tentwoning as simbool van God se “wees onder sy volk” is iets wat reeds in die Ou Testament na vore gekom het en dan baie spesifiek in die tyd van Moses. Die tabernakel, as plek van God se inwoning, het die volk toe deurentyd aan God se verbond herinner, gesimboliseer deur die verbondsark in die Allerheiligste met sy bloed-besprinkelde versoendeksel, ’n simbool maar ook profesie van redding.

Nou het hierdie “tabernakel-profesie” van die Ou Testament, so openbaar Johannes 1:14, in vervulling gegaan met *die Woord, die Eniggeborene van die Vader*, wat op die bepaalde tydstip in die geskiedenis tabernakel onder die mense kom opslaan het. Hierdie keer nie as ’n simbool of profesie van redding nie, maar as Redder self. Hy is die Een wat Homself sou oorgee as volmaakte offer vir die volkome versoening van al die sondes vir hulle wat aan God behoort.

Wonderlik, dit het gebeur, die offer is gebring op Golgota en met die gevolg vir ons wat aan God behoort, dat ons tot in ewigheid by God sal wees. Dank die Here vandag vir die vervulling van sy verbondsbeloftes!

Sing: Psalm 89:2

Ds. HJP de Beer (Magol)